

Ekonomieë in 'n flits

Mei 2021

Raming 2021:

BBP: 7,2%

Inflasie: 2,2%

Raming 2022:

BBP: 4,7%

Inflasie: 2,1%

Eurosone

Die Europese ekonomie het in die eerste kwartaal van 2021 met 0,6% gekrimp na 'n 0,7% afname in die vierde kwartaal van 2020, en is in 'n tegniese resessie.

Bottelnekke met inentings is egter sedertdien vinnig opgelos en het 'n omgewing geskep vir die ekonomie om met 'n vinniger pas te groei. Die getal daaglikse dosisse van entstowwe wat toegedien word is nou, op 'n per capita grondslag, hoër as dié van die VSA. Gevolglik kon die ekonomie vinniger oopgemaak word, wat ekonomiese groei sal versnel, maar dit het ook tot 'n styging in inflasie na 1,6% op 'n jaargrondslag in April bygedra. Hoewel die Europese Sentrale Bank se Monetêre Beleidskomitee (MBK) die grootste gedeelte van die toename in inflasie as kortstondig beskou, het die toename die MBK genoop om op te merk dat inflasierisiko's besig is om te vergroot. Die MBK het nietemin aangedui dat strenger monetêre beleid nog ver in die toekoms is.

Raming 2021:

BBP: 6,8%

Inflasie: 1,9%

Raming 2022:

BBP: 5,8%

Inflasie: 2,0%

Japan

In Japan word die debat of die Olimpiese en Paralimpiese Spele moet voortgaan of nie. 'n Raming van die Nomura navorsingsinstituut wys dat Japan ekonomiese voordele ter waarde van US\$ 17 miljard kan verloor as beide Speles gekanselleer word. Sou dit egter voortgaan en lei tot 'n nuwe vlaag van COVID-19-infeksies en inperkings, word die koste op meer as US\$17 miljard beraam. Amper 60% van respondente in 'n peiling deur Kyodo News in Mei het gesê die Olimpiese en Paralimpiese Spele moet gekanselleer word. Elders het die verandering in Japan se nominale lone in Maart op 'n jaargrondslag vir die eerste keer in 'n jaar toegeneem (0,7% in Maart vergeleke met -0,5% in Februarie). Die situasie kan egter terugkeer na inkrimpings weens inperkings wat in 'n aantal streke ingestel is. Japan loop die risiko van nog 'n ekonomiese inkrimping in die tweede kwartaal van 2021 na die ekonomie met 5,1% in die eerste kwartaal gekrimp het.

VSA

Die hooflyn- (of omvattende) verbruikersprys-inflasiekoers (VPI) het tot 4,4% op 'n jaargrondslag in April toegeneem van 2,6% af in Maart. Die 'geknippte VPI', wat 'korttermyn'-uitskieters op die boonste en onderste punt van die indeks uitsluit, het 'n toename van slegs 2,4% getoon vergeleke met 2,1% in Maart. Die uitskieters was veroorsaak deur 'n gedragsverandering in die aankope van 'n aantal items, en aangevuur deur 'n ekonomie wat heropen. Die prys van tweedehandse motors, byvoorbeeld, was 21% hoër op 'n jaargrondslag. Intussen is die VSA op 'n veldtog om vrede te maak, wat toekomstige handel sal beïnvloed. Onderhandelaars van die VSA en Europa werk aan 'n oplossing vir Trump se konflik-handelstariese op staal en aluminium produkte. Boonop het die VSA, om Duitsland by te staan, sanksies teen die Russiese ontwikkelaars van die Nord Stream 2 pyplyn laat vaar, terwyl 'n ooreenkoms bereik is om Amerikaanse sanksies op olie van Iran op te hef. Ooreenstemming oor 'n hele aantal besonderhede van dié ooreenkoms moet egter bereik word om dit 'n sukses te maak.

Raming 2021:

BBP: 4,4%

Inflasie: 1,5%

Raming 2022:

BBP: 4,8%

Inflasie: 1,2%

Verenigde Koninkryk

Die saamgestelde aankopebestuurdersindeks (PMI), wat 'n goeie leidende ekonomiese aanwyser is, het verder gestyg danksy toenemende inentings teen COVID-19, wat die opheffing van ekonomiese inperkings moontlik maak. Ekonomiese aanwysers dui gevolglik op 'n versnelling in ekonomiese groei. Kleinhandelverkope was byvoorbeeld 10,6% hoër in April 2021 vergeleke met Februarie 2020 (voor COVID-19 tot inperkings gelei het). Ekonomie in die VK skryf die styging toe aan minder ekonomiese inperkings en verbruikers wat begin het om spaargelde wat opgehoop het tydens die inperkings, te bestee. Hoewel die sentrale bank die styging in inflasie as kortstondig beskou, toon die PMI-verslag dat die dienstesektor sommige van sy prysdruk toeskryf aan stygende salarisse. Sou dit 'n neiging raak, sal dit die moontlikheid vergroot dat monetêre beleid vroeër strenger gemaak kan word.

Raming 2021:

BBP: 1,9%

Inflasie: 0,0%

Raming 2022:

BBP: 2,5%

Inflasie: 0,6%

China

Ekonomiese aanwysers dui steeds op 'n verlengsaming in groei, terwyl inflasie styg. Die People's Bank of China beskou die hoër inflasie as tydelik en het die medium-termyn rentekoers onveranderd op 2,95% gelaat. In terme van ekonomiese beleid het Liu He, adjunkpremier, weer China se verbintenis bevestig tot hervormings wat finansiële risiko's, veral kredietrisiko's, sal verminder. Die finansiële stabiliteits- en ontwikkelingskomitee van die regering het as deel van sy poging om finansiële stabiliteit te handhaaf en sy eie digitale geldeenheid te ontwikkel, die myn en verhandeling van Bitcoin verbied, asook die uitreiking van enige finansiële produkte wat aan kriptogeldeenhede verwant is. China het ook 'n verbruiksbelasting vanaf 12 Junie ingestel op die invoer van ligtesiklus-olie (om gasolie te maak), gemengde aromatiese stowwe (om petrol te maak) en bitumen (om asfalt te maak) om die mededingendheid van plaaslike raffinaderye te verbeter.

Raming 2021:

BBP: 6,9%

Inflasie: 3,5%

Raming 2022:

BBP: 5,3%

Inflasie: 3,4%

Ontluikende markte

Geldeenhede van ontluikende markte het versterk vanweë 'n swakker Amerikaanse dollar en redes spesifiek tot sekere lande. Brasilië se inflasie het met meer as 7% vir die maand tot middel Mei gestyg, en die siening versterk dat die sentrale bank rentekoerse volgende maand met nog 75 basispunte tot 4,25% gaan opstoot. Die verwagting het die Brasiliaanse real 'n hupstoot gegee. Terwyl die daaglikse getal COVID-19 gevalle in Indië op 'n afwaartse kurwe is, is die regering besig met 'n stimuluspakket om die toerisme-, lugvaart- en gasvryheidsbedryf, asook klein- en middelslagondernemings, te ondersteun. In Turkye het pres. Erdogan die sentrale bank se adjunkgoewerneur vervang (die vierde persoon wat vervang is sedert Maart) en dit het die onafhanklikheid van monetêre beleid bevestig, wat afwaartse druk op die Turkse lira geplaas het. Intussen het sommige van die Amerikaanse Federale Reserweraad se presidente gesê dat gesprekke voortydig is om monetêre beleid te normaliseer deur effekte aankope geleidelik te verminder ('taper talk'). Sodanige gesprekke versterk normaalweg die Amerikaanse dollar en lei tot swakker ontluikende mark-geldeenhede.

Raming 2021:

BBP: 4,4%

Inflasie: 4,2%

Raming 2022:

BBP: 2,3%

Inflasie: 4,4%

Suid-Afrika

Gematigde ekonomiese inperkings, wat ekonomiese groei nie te veel sal striem nie, is op 31 Mei in werking gestel, te midde van 'n derde vlaag van COVID-19 infeksies wat teen 'n stadiger pas plaasvind vergeleke met die vorige twee vlae. Intussen is dit bemoedigend dat die pas van inentings versnel. Die grootste beperking op vinniger ekonomiese groei bly steeds 'n tekort aan elektrisiteit en 'n stadige pas van ekonomiese hervorming. Nietemin het 'n sterkerwordende wêreldvraag, 'n herstel in die verbruiker se geldsake en hoër kommoditeitspryse groei in die eerste kwartaal 'n hupstoot gegee. So byvoorbeeld was die handelsurplus van R96 miljard vir die eerste kwartaal 205% meer vergeleke met 'n jaar gelede. Seisoensaangepaste (nie uitgedruk in jaartermen nie) kleinhandelverkope het in die eerste kwartaal van 2021 met 1,6% toegeneem vanaf die vierde kwartaal van 2020, terwyl produksie in die mynweese en vervaardiging onderskeidelik met 3,9% en 0,2% toegeneem het. Inkomste uit persoonlike inkomstebelasting was 2,2% hoër in April vergeleke met April 2019, terwyl die invordering van belasting op toegevoegde waarde 29% meer was, wat op 'n stewige begin tot die tweede kwartaal van 2021 dui.

Die makro-navorsingspan

Herman van Papendorp is hoof van Momentum Investments se span vir navorsing en insigte en het finale verantwoordelikheid vir makronavorsing en bateallokasie. Ekonome Sanisha Packirisamy en Johann van Tonder is verantwoordelik vir die makroraamwerk vir beleggingsgeleenthede en -strategieë.



Die inligting wat gebruik is om hierdie dokument op te stel sluit inligting in van derde partye en is slegs bedoel vir inligtingsdoeleindes. Hoewel ons alle redelike stappe neem om die akkuraatheid van die inligting in hierdie dokument te verseker, gee nie Momentum Metropolitan Life Limited of enige van hulle onderskeie filiale of geaffilieerdes, enige uitdruklike of implisiete waarborg oor die akkuraatheid, volledigheid, of betroubaarheid van die inligting in hierdie dokument nie en geen waarborge van enige soort, uitdruklik of implisiet, word gegee oor die aard, standaard, akkuraatheid of andersins van die inligting wat verskaf word nie.

Nie Momentum Metropolitan Life Limited, sy filiale, direkteure, amptenare, werknemers, verteenwoordigers of agente (die Momentum partye) het enige aanspreeklikheid teenoor enige persone of entiteite wat die inligting in hierdie dokument ontvang vir enige eis, skadevergoeding, verlies of uitgawes nie, insluitende, en sonder enige beperking, enige direkte, indirekte, spesiale, toevallige of gevolglike koste, verliese of skade, of in kontrak of delik, wat mag voortspruit uit of in konnaksie met inligting in hierdie dokument en jy stem om die Momentum partye dienooreenkomstig vry te waar. Vir meer inligting besoek momentum.co.za. Momentum Investments is deel van Momentum Metropolitan Life Limited, 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste en geregistreerde kredietverskaffer, met 'n B-BBEE vlak-1 gradering.

Indekse vir Mei 2021

	Een maand	Drie maande	Een jaar	Drie jaar	Vier jaar	Vyf jaar	Ses jaar	Sewe jaar	Tien jaar
Aandele-indekse									
FTSE/JSE Indeks van alle aandele (Alsi)	1.56%	4.17%	38.11%	9.98%	9.48%	7.98%	7.69%	7.81%	10.97%
FTSE/JSE Aandelhoudersgeweegde-indeks (Swix)	1.31%	4.18%	35.44%	6.96%	6.35%	5.66%	5.74%	6.68%	10.53%
FTSE/JSE Bobeperte Swix-indeks	2.93%	7.61%	40.75%	6.11%	5.48%	4.72%	4.83%	5.88%	
FTSE/JSE Top 40-indeks	1.14%	3.09%	36.12%	10.79%	10.25%	8.33%	8.07%	7.89%	11.01%
FTSE/JSE Indeks vir mediumgrootte maatskappye	6.16%	12.36%	45.28%	5.13%	4.39%	4.31%	4.18%	6.05%	9.53%
FTSE/JSE Indeks vir kleingrootte maatskappye	3.33%	17.45%	85.72%	3.47%	2.89%	3.39%	3.25%	4.95%	10.21%
FTSE/JSE Hulpbronindeks	-1.24%	2.80%	50.64%	25.97%	26.97%	21.65%	13.32%	7.67%	6.07%
FTSE/JSE Finansiële-indeks	9.30%	12.81%	41.03%	-3.09%	0.33%	0.80%	0.47%	3.58%	9.26%
FTSE/JSE Nywerheidsindeks	1.59%	2.26%	28.85%	7.49%	5.27%	4.70%	5.90%	7.32%	13.31%
FTSE/JSE Research Affiliates Fundamentele Indeks 40-indeks (Rafi)	3.61%	8.69%	44.56%	8.06%	9.55%	8.95%	7.55%	6.88%	9.72%
FTSE/JSE Research Affiliates Fundamentele Indeks Alsi	3.72%	8.61%	45.95%	7.98%	9.35%	8.89%	7.24%	6.74%	9.43%
FTSE/JSE SA Genoteerde Eiendomsindeks (Sapy)	-2.88%	9.80%	37.33%	-10.91%	-9.81%	-7.25%	-4.67%	-0.16%	4.85%
Rentedraende-indekse									
FTSE/JSE Indeks van effekte (Albi)	3.73%	3.01%	11.11%	8.42%	8.92%	9.79%	8.27%	8.44%	8.43%
FTSE/JSE Indeks van effekte 1-3 jaar (Albi)	-0.08%	1.75%	5.92%	8.89%	8.60%	8.85%	8.43%	8.17%	7.78%
FTSE/JSE Inflasiegekoppelde-indeks (Ili)	3.42%	5.22%	15.52%	4.76%	4.44%	3.93%	4.43%	4.69%	6.69%
Saamgestelde indeks van korttermyn-vasterente (Stefi)	0.31%	0.93%	4.15%	6.14%	6.45%	6.69%	6.70%	6.64%	6.28%
Kommoditeite									
NewGold Beursverhandelde Fonds	2.21%	-0.08%	-14.22%	16.26%	11.47%	6.11%	9.94%	9.91%	9.08%
Goudprys (in rand)	3.10%	0.28%	-13.54%	16.56%	12.07%	6.57%	10.41%	10.38%	9.55%
Platinum Beursverhandelde Fonds	-7.53%	-8.81%	10.23%	11.89%	6.54%	0.87%	2.70%	0.46%	
Platinumprys (in rand)	-6.70%	-11.91%	11.34%	11.92%	6.99%	1.12%	3.14%	0.82%	-0.67%
Wisselkoersbewegings									
Rand/euro bewegings	-3.94%	-7.81%	-14.41%	4.30%	3.13%	-0.87%	3.89%	2.17%	5.51%
Rand/dollar bewegings	-5.43%	-8.64%	-22.17%	2.70%	1.00%	-2.70%	2.04%	3.78%	7.21%
Inflasie-indeks									
Verbruikersprysindeks (VPI)	0.67%	2.04%	4.43%	3.92%	4.07%	4.32%	4.64%	4.62%	5.04%

Important notes

- Sources: Momentum Investments, IRESS, www.msci.com, www.yieldbook.com, www.ft.com.
- Returns for periods exceeding one year are annualised.
- The return for Consumer Price Index (CPI) is to the end of the previous month. Due to the reweighting of the CPI from January 2009, this number reflects a compound of month-on-month CPI returns. The historical numbers used are the official month-on-month numbers based on a composite of the previous inflation series (calculations before January 2009) and the revised inflation series (calculations after January 2009).
- The MSCI World index (All Countries) returns are adjusted to correspond with global investment prices received.
- FTSE/JSE disclaimer: www.jse.co.za
- The information reproduced in this document has been compiled by or arrived at by Investments from sources believed to be reliable.
- Reasonable steps have been taken to ensure the validity and accuracy of the information in this document. However, Momentum Investments does not accept any responsibility for any claim, damages, loss or expense, howsoever arising out of or in connection with the information in this document, whether by a client, investor or intermediary.
- The content used in this document is sourced from various media publications, the Internet and Momentum Investments. For further information, please visit us at www.momentuminv.co.za.
- Momentum Investments is part of Momentum Metropolitan Life Limited, an authorised financial services and registered credit provider, and rated B-BBEE level 1.